

Sing vooraf staande: Psalm 89:12 (p. 447)

- 12 Ek sal sy nageslag en troon nooit laat vergaan, / sy heerskappy laat duur so lank die hemel staan.
Maar wil sy kinders nie my wette onderhou nie, / bly hul aan my bevel en regte nie getrou nie,
maar dwaal hul verder af in hul onheil'ge weë – / Dan kom my tugting op sondaarspad hul teë.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 19:1, 4 (p. 82)

- 1 Die hoë hemelrond / vertel met blye mond / Gods heerlikheid en eer,
en, wonderbaar deurglans, / vermeld die wye trans / die werke van die HEER.
Die dag roep orals luid / en duisendstemmig uit / dié loffelike sprake;
die nag se stille stap / meld kunde en wetenskap / deur al sy donker wake.
- 4 Die HEER se heil'ge wet / is rein en onbesmet, / en sal die hart bekeer;
sy woorde sal gewis / aan wie eenvoudig is, / die ware wysheid leer.
Sy regte heerskappy / dié sal ons hart verbly / en onreg nooit gedoë;
en wat sy wet berig / is suiwer soos die lig / wat afstraal op die oë.

Gebed

Doksologie:

Aanbidding:

Skuldbelydenis:

Vergifnis:

Dank:

*Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
overhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*

Algemene bede:

Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:

Amen.

Skrifberyming 5-4:1, 2, 6. (10:1, 2, 6)

- 1 Wie kan ons voor die regter daag? / Gods uitverkore kind verklaag?
Waar is die mond wat durf verdoem / as God sy kind regverdig noem?
- 2 Dis Christus wat die skuld wou dra, / die dood vir ons gesterf het, ja,
wat, opgewek, in glorie sit / en altyddeur vir ons wil bid.
- 6 geen skepsel in die skepping wyd, / geen ding in tyd of ewigheid –
niks kan ons van Gods liefde skei / wat ewig-vas in Christus bly.

Skriflesing: Psalm 1

Teks: Psalm 1:2; Kategismus Sondag 34

... maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag. (Psalm 1:2 AFR53)

Dit is merkwaardig dat die Psalm bundel met seën en vloek begin.

- Die seën is dat daar mense is wat dit geniet en daarna strewende om gehoorsaam te wees aan die wet van die Here.
- Die vloek is dat daar mense is wat hulle lewe in diens van die sonde stel en wat uiteindelik in die sonde doodgaan.

Een ding is seker: Dit is nie genoeg om net goed te doen nie.

- 'n Mens kan net so goed verlore gaan deur net goed te doen as wat jy verlore gaan wanneer jy sonde doen.
- Daar is geen verlossing as dit wat jy goed doen, nie gedoen word in aanbidding van die Here en ooreenkomstig sy wet is nie.

Hierdie psalm verduidelik die pad van seën – die styl van lewe wat iemand navolg wat die Here dien. Hy leef volgens die Here se gebooie. Hy bly weg van verkeerde geselskap:

- hy leef nie saam met goddeloses nie,
- hy deel nie sy lewe met sondaars nie, en
- hy hou ook nie vergadering saam met die wat met godsdienste en met die Here spot nie.

Kom ons kyk na die wet van die Here uit die volgende gesigspunte:

1. Die behoefte aan die wet

2. Die inhoud van die wet

3. Die doel van die wet

1. Die behoefte aan die wet

'n Verloste gemeente kan nie sonder die wet van sy God voortbestaan nie.

- Daar is 'n praktiese wet wat so werk dat dit bepaal dat chaos en wanorde net een eindpunt het, en dit is vernietiging.
- Dit onderstreep net die behoefte wat daar in die kerk is om al die dinge soos verwarring, ordeloosheid en willekeur uit te skakel, want dié dinge is voorlopers van chaos.

Iets moet rigtinggewend wees sodat die kerk van die Here kan weet waarna hy positief moet streef om goed en reg as liggaam van God te kan bestaan.

- Daarom moet daar 'n wet wees wat 'n riglyn is en wat 'n reël moet wees waarvolgens die kerklidmate moet optree.
- Die wet waaraan die kerk behoefte het, kan nie iets soos 'n landswet of 'n sedewet wees waarmee mense kan verskil of saamstem nie.

Dit moet 'n wet wees met absolute gesag: God se wet, wat God se gesag op die mens afdwing. Wie dit nie gehoorsaam nie, gaan vir ewig verlore.

Die Wetgewer kan niemand anders as God en God alleen wees nie, want die Wetgewer moet volmaak regverdig wees, en sy gesag moet so absoluut wees dat Hy enige oortreder moet kan straf.

Aan so 'n wet het die kerk behoefte:

- 'n Wet wat onuitsluitbaar is,
- 'n Wet wat die sonde oopvlek sodat elkeen wat in die Here Jesus Christus vrygemaak is, hom met blydskap aan hierdie lewensreëls kan onderwerp
- Die wet van die Here is noodsaaklik sodat elkeen wat deur die Here Jesus Christus verlos is, hom vrywillig aan die genade van God kan onderwerp.

2. Die inhoud van die wet

Die inhoud van die wet is die voorskrif wat ons verhouding tot God en ons naaste reël.

- In al tien die gebooië word ons deur die versoeningsbloed van die Here Jesus voor God gestel.
- In al tien die gebooië word ons deur die Heilige Gees gelei dat ons insig het in wat die wet van ons vra, en wat ons moet doen om dit verantwoordelik na te kom.
- In al tien die gebooië gaan dit oor die liefde, maar dan oor die regte manier van liefhê, want 'n verkeerde manier van liefhê gaan omspring en jou vernietig.
 - Mens kan deur die wet van die Here net tot vervulling kom as jy elke wet in liefde vir God en liefde vir jou naaste uitvoer.

Die wet van die Here vra volle oorgawe aan die Here en totale onderwerping aan God die Heilige Gees, want mens kan nie die wet van die Here nakom met menslike wysheid nie; ook nie met kunsies of menslike vaardighede nie.

Daar is in die wet 'n eenaardige verhouding in die optrede wat van ons vereis word teenoor die Here in die hemel en ons optrede teenoor ons medemens wat saam met ons op die aarde bly.

- Die eenaardigheid is dat die beginsel vereis dat ons die Here moet dien en liefhê met ons hele menswees.
- Letterlik alles word opgeëis – daar bly nie een ding in ons oor wat nie tot diens van die Here gestel moet wees nie:

Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod (Matteus 22:37, 38).

Die beginsel wat ons optrede teenoor ons naaste bepaal, stel ons liefde vir onself as maatstaf:

Die tweede (gebod) wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. (Matteus 22:39)

Die vier gebooië wat ons diens en gehoorsaamheid aan die Here reël, werk soos volg:

- **Die eerste een reël aanbidding in die algemeen.**
 - Daar is net een God wat aanbid mag word.
 - Dit beteken dat hier 'n voorskrif gegee word dat ons eredienste moet hou en dat hierdie eredienste tot die eer van die Here alleen ingeklee moet word.
- **Die tweede gebod reël die erediens in die besonder.**
 - Daar mag geen beelde in ons aanbidding van die Here wees nie. Ons mag nie engele, diere, visse of enige iets in die skepping afbeeld en dit gebruik om die Here te wil aanbid nie.
 - Ons mag ook nie hierdie beelde of afbeeldinge aanbid nie, want dan is dit afgodediens.
- **Die derde gebod raak die gesindheid van ons hart.**
 - Misbruik van die Here se Naam kan net voorkom by mense wie se liefde tot die Here tekort skiet.
 - Of by mense wat die Here minag of verag.
 - Dit beteken so eenvoudig dat hierdie mense nie insig het in wie God is nie omdat hulle nie onder die leiding van God die Heilige Gees lewe nie.
- **Die vierde gebod raak hoofsaaklik ons tong en ons lewenstyl.**

- Bely jy die Here? Dan hoort jy in die erediens. Hierdie gebod reël die viering van die rusdag van die Here.
- Die Bybel sê dat ons op hierdie dag nie “die samekomste moet versak nie”. Luister baie mooi na die woorde van die Hebreërbrief:

Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom. (Hebreërs 10:25 AFR53).

... en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom. (Hebreërs 10:25 AFR33).

Die punt is net dat 'n skeeftrekking van enige van hierdie vier gebooie – by enige een van ons – vir ons 'n baie ernstige waarskuwingslig behoort aan te skakel.

- Dit beteken dat daar 'n fout is tussen ons en die Here – en enige een wat die Here probeer konfronteer of aanvat, gaan baie en vir ewig seerkry.

Die laaste ses gebooie reël ons verhouding met ons naaste. Maar dit is baie duidelik dat die Here bokant elke gebod staan.

- **Die vyfde gebod** reël ons ouers se gesag, maar bo die ouers se gesag staan God se gesag (op alle terreine) en sy liefde.
- **Die sesde gebod: God is die Albeskikker oor alle mense se lewens.**
- **Die sewende gebod:** Bo die huwelik staan God as die Insteller van die huwelik en sy doel met die huwelik.
- **Die agste gebod:** Hoër as die gebod op eerbiediging van ander mense se besittings staan die raadsplan van God. Hy maak armes en rykes. Hy vertrou gawes en middele toe aan mense soos Hy wil.
- **Die negende gebod:** Bo valse getuienis staan die waaragtigheid en die opregtheid van God.
- **Die tiende gebod:** Verhef bo die verbod op begeertes heers die heerlijkheid en die heiligheid van die Here wat reëls neerlê vir wat betaamlik is en wat nie.

Hierdie wette raak alle lewensterreine.

- Die gebooie is ewig, want die Here verander nooit.
- Daarom is die doel van die Here met hierdie gebooie dat ons ons liefde en ons omgang met Hom daarin moet spieël.
 - Dit moet vir ons blootstel waar daar fout is sodat daar op daardie punte altyd bekering kan kom.
 - Die wet wil ons lei dat ons al hoe meer geloofsvolwasse word en steeds meer in die heilige lig van die Here inloop met ons lewens.

3. Die doel van die wet

Die Here het die Tien Gebooie vir die volgende redes vir ons gegee:

- Sodat dit ons voortdurend voorberei om die genade van die Here Jesus Christus te

- verstaan. Ons weet almal dat ons elke gebod oortree en dat dit nie so moet wees nie.
- Dit laat ons verstaan in watter mate elkeen van ons wat vandag in hierdie kerk sit, se persoonlike skuld bygedra het dat die Here Jesus gekruisig moes word.
- Die wet wys ons vir ons voortbestaan en vir die Here se vergewing van ons sondes direk terug na die Here Jesus se versoening toe.

Die wet is dus in 'n sekere sin 'n opvoeder omdat dit vir ons geloofsmaniere leer.

- Dit leer ons om ons aan die leiding van God die Heilige Gees te onderwerp.
- Dit leer ons om berou te hê oor ons sondes en om mense en omstandighede wat ons tot sonde verlei, uit ons lewens uit te sny. Dink hiervoor aan ons Psalm 1:1:

Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie...
(Psalm 1:1 AFR53)

- Die wet maak ons ootmoedig en dit laat ons heilbegerig op die Here Jesus Christus wag.
- Dit laat ons buig onder die leiding van God die Heilige Gees sodat ons die ewige lewe wat ons van Christus af ontvang, in ons eie lewens reg kan reël.

Die doel van die wet is om 'n blywende en 'n ewige verhouding tussen ons en God te vestig.

- Die Here gee hierdie wet vir alle mense.
- Daar is nie een mens of een volk wat uitgesluit is van hierdie wette nie.

Die Here verseker dat Hy tot ons versoening gesterf het.

- Hy verseker ons dat versoening beteken dat ons tot in ewigheid deel sal wees van sy koninkryk van heerlijkheid.
- Maar Hy verwag ook van ons om ons tydens ons aardse lewe te onderwerp aan sy Wet.

Die wet wil ons voorkeer as ons verdwaal sodat ons nie verlore moet gaan nie.

Kom ons lees saam wat in ons belydenis hieroor geskryf staan in die Heidelbergse Kategismus Sondag 34:

Vraag 92: Hoe lui die Wet van die Here?

Antwoord: God het al hierdie gebooie aangekondig (Eks 20:1-17; Deut 5:6-21): Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het.

Die eerste gebod

Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.

Die tweede gebod

Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder die aarde is of van wat in die water onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en nie dien nie, want Ek, die Here jou God, is 'n jaloerse God, wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en die vierde geslag van die wat My haat. En Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en My gebooie onderhou.

Die derde gebod

Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.

Die vierde gebod

Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen, maar

die sewende dag is die sabbat van die Here, dan mag jy geen werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het Hy die sabbatdag geseën en dit geheilig.

Die vyfde gebod

Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee.

Die sesde gebod

Jy mag nie doodslaan nie.

Die sewende gebod

Jy mag nie egbreek nie.

Die agste gebod

Jy mag nie steel nie.

Die negende gebod

Jy mag geen vals getuienis teen jou naaste spreek nie.

Die tiende gebod

Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg, of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.

Vraag 93: Hoe word hierdie gebooie ingedeel?

Antwoord: In twee tafels (a), waarvan die eerste in vier gebooie ons leer hoe ons ons teenoor God moet gedra, die tweede in ses gebooie, wat ons aan ons naaste verskuldig is (b).

(a) Deut 4:13; Eks 34:28; Deut 10:3, 4. (b) Matt 22:37, 40.

Vraag 94: Wat gebied God in die eerste gebod?

Antwoord: Ek moet ter wille van my siele heil en saligheid alle afgodery (a), towery, waarsêery, bygeloof (b), aanroeping van heiliges of ander skepsels (c) vermy en daarvan wegvlug. Ek moet die enige ware God reg leer ken (d), Hom alleen vertrou (e), my slegs aan Hom met alle nederigheid (f) en geduld onderwerp (g) en van Hom alleen alle goeie dinge (h) verwag. Ek moet Hom met my hele hart liefhê (i), vrees (j) en eer (k). Sodoende sien ek eerder van alle skepsels af as om in die minste teen sy wil te handel (1).

(a) 1 Joh 5:21; 1 Kor 6:10; 10:7, 14. (b) Lev 19:31 Deut 18:9, 10, (c) Matt 4:10; Op 19:10; 22:8, 9. (d) Joh 17:3. (e) Jer 17:5, 7. (f) 1 Pet 5:5. (g) Heb 10:36; Kol 1:11; Rom 5:3, 4; 1 Kor 10:10; Fil 2:14. (h) Ps 104:27; Jes 45:7; Jak 1:17. (i) Deut 6:5; Matt 22:37. (j) Deut 6:2; Ps 111:10; Spr 1:7; 9:10; Matt 10:28. (k) Matt 4:10; Deut 10:20. (1) Matt 5:29; 10:37; Hand 5:29.

Vraag 95: Wat is afgodery?

Antwoord: Dit is om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar, het, of naas Hom iets anders uit te dink of te hê waarop jy jou vertrou stel (a).

(a) Ef 5:5; 1 Kron 16:26; Fil 3:19; Gal 4:8; Ef 2:12; 1 Joh 2:23; 2 Joh 9; Joh 5:23.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 119:63 (p. 599)

63 HEER, ek is 'n skaap verlore, /in die wildernis verdwaal.
U, my HEER en Herder, bid ek / dat U my tog wil kom haal
Soek my, bring my weer, u dienaar / wat in al sy harteleed,

en in al sy teënhede, / u gebooië nie vergeet.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 28 Oktober 2012